

# Nuwe SEB-reëls kom vir mynboubedryf

# Swart vennote móét dadelik kontant kry

Dewald van Rensburg, Johannesburg

Die mynbedryf kry beslis nuwe reëls oor hoe Swart Ekonomiese Bemagtigings- (SEB) transaksies ontwerp en gefinansier mag word.

Een nuwe reël is dat bemagtigingsvennote uit die staanspoor kontant móét ontvang.

Daar word ook onderneem om met finansieringsentiteite te skakel om SEB-finansiering so te struktureer dat minstens 'n deel van die kontantvloeï uit mynbelange die SEB-vennote bereik terwyl die res die skuld diens.

'n Groot brandpunt sedert die ekonomiese krisis was die ondergang van skuldbelaaide swart mynbeleggers. Dit het daartoe gelei dat banke die bevoorreedes van talle bemagtigingstransaksies geword het.

Daar was geen meganisme om swart groepe van ondergang te red nie, het me. Susan Shabangu, minister van minerale bronne, gister gesê met die bekendmaking van die dokument in Pretoria.

Die aanvaarde gebruik dat myngroepe nie nuwe SEB-vennote moet vind indien hul eerste vennote ondergaan of bloot hul belang verkoop nie, kan nie werk nie, het sy voorts gesê.

Die strategie-dokument lui verder dat SEB-vennote uit die staanspoor die volle stemreg en ander aandeelhouer-regte in verband met hul belang moet kan uitoefen – ongeag die bepalinge van die transaksie. SEB-transaksies se begunstigdes moet voortaan ook altyd "duidelik uitkenbaar" wees, lui die dokument.

Die uitgerekte proses om die land se mynboubestel te hersien, het tot gevolg gehad dat daar onsekerheid heers oor bemagtigings-teikens. Die grondliggende teiken om teen 2014 minstens 26% van die mynbedryf in swart hande te hê, bly egter onveranderd, het Shabangu gesê.

Transformasie is terselfdertyd opvallend nie die voorste punt in die strategie-dokument nie, maar heel agter weggesteek.

Shabangu het, in teenstelling met haar voorganger, me. Buyelwa Sonjica, erken dat Suid-Afrika se mynbouereguleering in 'n mate beleggings afskrik en dat die land deels die hulpbron-opbloei misge-loop het.

## Veranderings:

- 'n Onderneming om myngroepe meer insae in infrastruktuur-beplanning te gee sodat tekortkominge in kragtoevoer, spoorvervoer en hawe-vermoë geïdentifiseer kan word.
- Bykomende verpligte besteding aan vaardigheidsontwikkeling gelyk aan 3% van 'n groep se salarisrekening vanjaar en 5% in 2014.
- Dat 40% van alle bestuurs-personeel, van die direkteur tot junior bestuur, teen 2014 swart moet wees.
- Meer sinvolle gemeenskapsprojekte.
- Meer plaaslike navorsing ter ondersteuning van mynbou.
- 'n Nasionale aksieplan om besoedeling deur suur mynwater te bekamp.
- 'n Nasionale veredelings-agentskap om die plaaslike verwerking van minerale aan te spoor.

'n Groot brandpunt sedert die ekonomiese krisis was die ondergang van skuldbelaaide swart mynbeleggers

Daar is reeds 'n taakspan wat die Wet op die Ontwikkeling van Minerale- en Petroleum-hulpbronne (MPRDA) hersien, maar Shabangu wou haar nie uitlaat oor presies watter wysigings beoog word nie.

Daar word klaarblyklik veranderinge aan die basiese regulatoriese prosesse vir die toestaan van prospekter- en myn-regte beplan.

Die onderhandelings wat die bekendmaking van die dokument gister voorafgegaan het, moes eintlik die banke ook betrek het, het mnr. Nchaka Moloi, voorsitter van die South African Mining Development Association (Sama), bygevoeg.



Me. Susan Shabangu, minister van minerale bronne, tydens 'n nuuskonferensie oor die mynbedryf se strategie vir volhoubare groei en transformasie gister in Pretoria. Foto: WAYNE COETZEE, FOTO24